

## Sing vooraf: Skrifberyming 1-2 (nuut)

- 1 Prys Hom, die Hemelvors, op sy verhewe troon;  
loof Hom aan wie die hemelkoor hul hulde steeds betoon.  
Aan Hom, die Skepperheer, kom toe die eer en mag.  
Sy Woord het alles voortgebring – roem ewig sy gesag.
- 2 Loof Hom, die Lam van God, want Hy's vir ons geslag.  
Hy het ons met sy bloed gekoop; besing sy reddingsmag.  
Uit elke stam en taal het Hy ons vrygemaak;  
sy koninkryk, sy priesterdom – dít het Hy ons gemaak.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 145:1, 5, 11 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlikheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Konings-eer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 5 Hul sal, o Heer, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:  
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die Heer.
- 11 Hy gee die wens van almal wat Hom vrees; / op hul geroep wil Hy 'n redder wees.  
Sy hand verdelg die goddelose, maar / die wat Hom liefhet, sal die Heer bewaar.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Psalm 138:4 (p. 671)

- 4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,  
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.  
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.  
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Skriflesing: Matteus 14

Teks: Matteus 14:28-30

**En Petrus antwoord Hom en sê: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom. En Hy sê: Kom! Petrus klim toe van die skuit af en loop op die water om na Jesus te gaan. Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my! (Matteus 14:28-30 AFR1953)**

Hoe reageer jy op die almag van die Drie-Enige God?

- Die Here Jesus duld nie weifeling op gebiede waar geloof heerskappy moet voer nie.

- Jesus Christus straf ook twyfel en wankelmoedigheid wat regstreeks in stryd is met die geloof.

Die Bybel leer dat dinge wat die nag op die see gebeur het, verband hou met die wonderlike vermeerdering van die kos wat die vorige dag plaasgevind het toe die Here vyfduisend mense gevoed het.

- Die dissipels het egter nie die wonder van die regte kant af gesien nie.
- Die rede daarvoor was omdat hulle in die wonder nie gekyk het na die almag van die Here Jesus Christus nie.
- Die blywende indruk by hulle was die verbasing wat die kosvermeerdering self by hulle veroorsaak het.

Markus beskryf ook hierdie geskiedenis (Markus 6:52). Hy skryf dat die hele ding die nag op die see gebeur het omdat hulle deur die wonder van die brode nie verstandig geword het nie, omdat hulle hart verhard was.

**Want hulle het by die wonder van die brode nie verstandig geword nie, omdat hulle hart verhard was.** (Markus 6:52 AFR1953)

Daarom kon dit nie anders nie. Die Here moes die regstelling by hulle aanbring.

Daarom begin die gedeelte met die woorde dat die Here die dissipels **gedwing** het om in die skuit te klim en weg te vaar.

- Mens staan verbaas oor die woord **dwing**.
- Maar die saak staan so: God eis doodgewoon dat ons Hom onverdeelde en behoorlik gehoorsaam.
- Hy wil hê dat ons in 'n bepaalde lewensituasie moet inbeweeg waar Hy Hom aan ons kan openbaar.

Die Here gebruik dan sulke geleenthede om deur sy openbaring aan ons ook regstellings in ons geloofslewe aan te bring. Presies so het dit hier gebeur.

Nadat die dissipels gedwing was om weg te roei, beland hulle in ernstige moeilikheid.

- Dis duidelik dat hulle die Here heeltemal uit die oog verloor het.
- Die golwe rondom hulle het so geraas, en het so 'n geweldige indruk op hulle gemaak, dat hulle niks anders as vrees geken het nie.
- Al hulle aandag was op die gestoei met die roeispane teen die wind. (Dit staan ook in Markus se weergawe geskryf.)

Dink nou prakties oor die saak.

- Die dissipels het die aand begin roei.
- Die wind steek op en die see raak onstuimig.
- Die hele nag deur sukkel hulle maar aan teen die wind en die golwe.

Teen die tyd wat die Here daar aangeloop gekom het, was hulle seker al tot die dood toe moeg en uitgeput.

- Die Here Jesus het omtrent drie uur voor sonop by hulle boot aangekom.
- Die vierde nagwaak is tussen drieuur en sesuur in die oggend.

Was dit omdat die manne al die hele nag lank geworstel het met gevaar dat hulle eerste gedagte was dat die man wat daar op die water loop, 'n spook moet wees?

- Want wie kan in elk geval op die water loop?
- Spookstories van alle kulture laat altyd menslike gedaantes verskyn in storms, en in wind en maanskyn.
- Daarom het die abnormale omstandighede daardie nag hulle dadelik aan die bonatuurlike – soos spoke – laat dink.

Dit is die betekenis van Markus se woorde dat hulle hart verblind was.

Daar is 'n Skrifuitspraak in die Ou Testament wat hierby pas. Deuteronomium 29:4 haal die woorde aan waar Moses gesê het:

**Maar die HERE het julle nie 'n hart gegee om te verstaan en oë om te sien en ore om te hoor tot vandag toe nie.** (Deuteronomium 29:4 AFR1953)

Hoe sou jy in die geloof hierdie saak hanteer?

Daar is verskillende maniere om op die almag van God te reageer.

- Die een is om onmiddellik jou geloof te wil bewys met wonderwerke, en met die doen van abnormale dinge.
  - Dis 'n tipe geloof wat met baie groot moeite voortgaan, en wat gewoonlik iewers langs die pad ingee.
- Die ander reaksie is om die situasie waarin jy is tot die eer van die Here te beman, sonder om wonderwerke te verwag, maar te weet en te glo dat die Here se sorg in elk geval oor jou oopgespan is.
  - Dis om gelowig jou oë te vestig op God wat wonderre kan doen – nie op die wonderwerk wat deur God gedoen word asof dit die uitkoms is nie.

Ons het in hierdie gedeelte 'n voorbeeld van al twee. Kyk eers na Petrus wat die wonderwerk as vereiste stel vir die openbaring van God.

- Toe die Here antwoord dat dit Hy is wat op die water loop, toe het Petrus dadelik 'n voorwaarde:

**En Petrus antwoord Hom en sê: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom.** (Matteus 14:28 AFR1953)

Waarom moet die Here sy teenwoordigheid met nog 'n wonderwerk bewys?

- Was die vermeerdering van die brode nie genoeg nie?
- En daarby ook nog sy verskyning en teenwoordigheid waar Hy in die storm op die see loop!

Kyk wat gebeur toe.

- Jesus gee Petrus die bevel: Kom!
- Maar dan moet Petrus sy deel, naamlik geloof en die wil om God gehoorsaam te wees, ook kan uitvoer.
- Die het nie lank gehou nie, want toe begin hy sink.

Die rede was 'n saak wat vandag nog geldig is vir ons almal – omdat hierin 'n geweldige ernstige waarskuwing is oor hoe ons met die geloof moet werk.

- Petrus klim onmiddellik uit die boot en begin na die Here toe loop.
- Maar toe haal hy sy oë van die Here af, en kyk na die golwe en die wind.

Meteens het die wêreld hier rondom hom vir hom baie gevaarliker gelyk as die belofte van die Here dat hy op die water kan loop.

- Wat eintlik gebeur het, was dat hy sy geloof en vertroue verskuif het van die Here Jesus af na

- sy onmiddellike omgewing toe.
- Sy vrees was niks anders nie as ongelooft.

*Die waarskuwing in die gebeurtenis is skerp: Moenie dat die dinge in die tyd, en rondom jou, jou laat twyfel aan God se beloftes nie.*

- Hy is groter en sterker as enige gebeurtenis in ons tyd.
- Verder ook: Moenie jou geloof van wonderwerke afhanklik maak nie.
- Jou geloof hang nie af van demonstrasies nie.

***Die bewys daarvoor is dat Petrus die enigste een is wat uit die water uitgehaal is, maar al die dissipels is verlos.***

Kyk nou in die tweede plek na die ander dissipels.

- Die ander het doodgewoon in die boot bly sit – nie uit ongelooft nie, maar omdat dit die natuurlike plek was waar die Here hulle wou gehad het.
- Toe het die Here by hulle ingeklim en die storm het bedaar.
- Die reaksie was dat die wat in die skuit was, voor die Here Jesus neergeval en Hom bely het as die Seun van God.

'n Vraag: Het Petrus met sy demonstrasie en sy hulpgeroep enige voordeel gehad bo die dissipels wat in die boot gebly het en wat Jesus bely het as die Seun van God?

Al die wonderwerke wat Here Jesus gedoen het, soos

- die spysiging van die vyfduisend die vorige dag,
- en ook die loop op die water,

was om aan ons te openbaar dat Hy almagtig is.

Daarmee het Hy geopenbaar dat Hy die vermoë het om te verlos en te voorsien,

- soos byvoorbeeld deur aan die hongerige skare kos te gee,
- sodat ons geloof op Hom gerig kan wees.

Hy doen ook altyd hierdie dinge waar daar baie getuies by is.

- By die geleentheid van die spysiging was daar vyfduisend mense.
- Indien die oorlewering van die manne wat die evangelies skryf, nie waar was nie, sou iemand (een van die vyfduisend) iewers geskryf het dat dit leuens was.

Maar dit gebeur nie.

Die Here Jesus se laaste bevestiging van sy krag is sy opstanding uit die dood en sy hemel-vaart.

Daarmee het Hy, net soos met die ander wonders, twee dinge finaal duidelik gestel:

- Daar is geen beperkinge op sy mag en vermoëns nie.
- Hierdie wonders en oorwinning van Hom is juis bedoel tot ons verlossing.

Daarom oorwin Hy die dood – wat vir ons 'n absolute en ondeurdringbare muur is.

- Sy dood en opstanding is die bewys dat hierdie wonder op ons van toepassing word wanneer ons onbevange ons geloof rig op Hom – Jesus Christus ons almagtige God en Verlosser.

Wees daarom baie versigtig oor die verwagtinge wat jy koester van jou geloof, en van die Here.

- Dra sorg dat ons nie sê dat ons glo, maar ons bring te veel wêreldse dinge in berekening nie.

Kyk wat het met Petrus gebeur:

- Hy was op pad na die Here toe toe hy die golwe en die wind langs hom as sterker faktore begin sien het.
- Toe sink hy.

Kyk na die Here, en rig gelowig jou oë op al sy beloftes.

Glo dat Hy alle magte op die aarde kan deurbreek en oorwin om ons te verlos.

**Amen.**

Slotgebed

Skrifberyming 14-2 (nuut)

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie, / Al sou die wingerd sonder druiwe staan;  
Die graan verdor, die vrugteboorde wegkwyn, / Die beeste, kleinvee, alles hier vergaan –  
Nóg sal ek juig en bly wees in my God! / Hy is my hulp, Hy gee my krag.  
Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan; / Hy laat my vas en veilig staan!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 7 Desember 2008